LAERSKOOL ANTON VAN WOUW
1925-2025
100 JAAR
EEUFEES

# WOUWTJIE NUUS

LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

Vrydag 20 Februarie 2026



## RUGBY- EN NETBALSEISOEN SKOP AF!



Beste Wouwtjie-Ouers/Voogde

Met groot opgewondenheid kondig ons die aanbreek van die rugby- en netbalseisoen aan! Hierdie tyd van die jaar bring nie net energieke wedstryde en gesonde kompetisie nie, maar ook spanbou, karakterontwikkeling en skooltrots.

Sport is ’n wonderlike geleentheid vir ons leerders om deursettingsvermoë, dissipline, respek en samewerking te ontwikkel. Ons sien uit na ’n seisoen vol mooi sportmangees, harde werk en trots op elke speler wat ons skool se naam uitdra.
Ons wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om ons ouers opreg te bedank vir hul ondersteuning. U betrokkenheid langs die veld beteken baie vir ons kinders. Dit gee hulle moed, selfvertroue en ’n gevoel van behoort.

**Ons verwagting van ouers langs die veld:**
Wanneer daar wedstryde gespeel word, is ouers nie net toeskouers nie, u is rolmodelle vir u kinders en ambassadeurs van ons skool. Ons kinders leer by ons, nie net deur wat ons sê nie, maar deur wat ons doen.

Ons rig daarom ’n ernstige, maar vriendelike versoek dat ouers hul sal weerhou van enige negatiewe of afbrekende kommentaar teenoor:

- spelers van ander skole;
- afrigters;
- en skeidsregters



Ons verwag dat alle ondersteuning positief, opbouend en met respek sal wees. Swak gedrag, onsportiewe optrede of enige vorm van onvanpaste kommentaar, word nie geduld nie. Ons wil hê dat elke wedstryd 'n veilige en positiewe ervaring vir alle betrokke kinders moet wees.

Die skool se Gedragskode vir Sportbyeenkomste kan gevind word deur die QR-kode te skandeer. Ons versoek dat alle ouers dit asseblief aandagtig deurlees en hul volle samewerking gee om 'n gesonde sportkultuur te handhaaf.

**Kommunikasiekanaal vir Sport:**
Om ordelike en effektiewe kommunikasie te verseker, versoek ons dat die volgende kommunikasiekanaal streng gevolg word indien daar enige navrae of bekommernisse is:




Hierdie volgorde help ons om sake vinnig, regverdig en professioneel te hanteer en verseker dat elke vlak die geleentheid kry om 'n saak behoorlik aan te spreek voordat dit verder geneem word.

Kom ons maak hierdie seisoen een waarop ons kinders met trots kan terugkyk, nie net oor oorwinnings nie, maar oor karakter, respek en ware sportmangees. Ons sien uit na 'n fantastiese seisoen saam met u langs die veld!



Vriendelike Wouwtjiegroete

Odette Klopper
Hoof

# *Ons verwelkom graag*

## Me. Roche van Blerk aan die begin van Maart 2026.

Dit is vir ons 'n voorreg om vir Me. Roché van Blerk by Laerskool Anton van Wouw te verwelkom. Me. Roché gaan by Wouwtjies behulpsaam wees as Kultuur-koördineerder.

Roché is 'n ervare drama-onderwyser en regisseur met meer as 'n dekade se ervaring as Hoërskool Menlopark se senior drama-onderwyser en vyf jaar se tjokkertoneel-regie by Laerskool Menlopark. Haar kundigheid sluit in beoordelingswerk by talle Eisteddfods en Kunstefeeste, asook as ATKV-beoordelaar. Haar akademiese agtergrond sluit drama-studies by die Universiteit van Pretoria en 'n lisensiaat van die ADK in. Professioneel het sy al opgetree by die Woordfees en Aardklop en stem-werk gedoen by RSG saam met Johann Smit. Roché se grootste passie is die ontwikkeling van kinders se kreatiwiteit en selfvertroue en sy streef daarna om vir elke leerder 'n veilige, geborge ruimte te bied waar hul talente kan blom.

Mag u tyd by Laerskool Anton van Wouw geseënd wees.



Tel: 012 460 3024/6181 | Fax: 012 346 4847 | Deystraat, Nieuw Muckleneuk
www.wouwtjies.co.za

# Laerskool Anton van Wouw

## *Arum Lily Toekenning*

Ons skool is al 22 jaar deel van die Eco-skole program. Dit beteken ons skool is 'n Eco-vriendelike skool. Ons besit reeds twee Internasionale groenvlae. Ons het saam met die Eco-skole begin om ons skool Eco-vriendelik te maak. Ons het vanjaar weer gekwalifiseer, na 22 jaar diens! Anton van Wouw behaal 'n 84% gemiddeld in ons Eco-skole verslag waar ons bewyse moet gee vir die instandhouding van ons groenstatus.

Anton van Wouw is daarop gefokus om ons status te hou en die omgewing te bewaar vir die nageslagte. Dit sluit in glasherwinning (glas in die glasbanke), hergebruik van herwinningsmateriaal, skep van 'n omgewingsveilige omgewing, aardverwarming en ons hidrophonics stelsel.

Ons uitreikprojekte na Bramley , Wollies, Beertjies en ander instansies, dra by tot die groen-status.

Die weerligalarm is omgewingsvriendelik. Die verbetering en die instandhouding van ons geboue en die amfi-teater is alles deel van ons status as 'n groen skool. Die gryswater wat ons gebruik vir die tuine en vele ander projekte en viering van al ons omgewingsvriendelike dae, vorm alles deel van die Eco-skole status.

Dis voorwaar iets om op trots te wees!

Baie geluk, Wouwtjies!
Help ons om saam te bou aan die omgewing en die bewaring vir die vólgende 22 jaar!

WESSA
PEOPLE CARING FOR THE EARTH

Eco-Schools

742126

# Vriendskapsmark 2026

742126












POSTCARD

*Aan elke Ouer/Voog en Leerder*

*Baie dankie vir u voortgesette ondersteuning!*






Woensdag, 25 MAART
2026
FORMULA 1
WOUWTJIE
GRAND PRIX
1500
Doelwit
1300
1200
1100
1000
800
600
400
200
320
13 Februarie
KARRETJIE
VERKOPE
KLASPOSISIES
1 1Z Juf. Sarien 12
1 2V Juf. Anita 12
1 2X Juf. Jeanelí 12
1 3V Juf. Nell-Mari 12

# Dagboek die datum!



## Gr.1 Oupa-en-Oumadag!

## 9 Oktober 2026

Tel: 012 460 3024/6181 | Deystraat, Nieuw Muckleneuk

www.wouwtjies.co.za

# STOEI



Christoph Erasmus het die afgelope naweek aan die Tuks (Tuks-Ope) se stoeikompetisie deelgeneem en hom uitstekend van sy taak gekwyt.

Na 'n strawwe 11 wedstryde het Christoph indrukwekkende uitslae behaal:

- Eerste plek in Freestyle (ouderdom/gewigsklas).
- Derde plek in Greco Presidente.
- Vierde plek in Freestyle Presidente.

Hierdie prestasie getuig van deursettingsvermoë, dissipline en harde werk.

Baie geluk, Christoph! Ons is ongelooflik trots op jou.



Baie geluk aan George Barnard wat aan die "Tuks Challenge" deelgeneem het vir stoei. Hy het 'n derde plek in sy gewigsklas, o.13 behaal.



Luca Dirker het die naweek aan die Tuks-Ope Stoeikampioenskappe deelgeneem.

Hy verwerf 'n goue medalje in sy gewigsklas en verwerf 'n brons medalje in die Presidente-afdeling.

# TENNIS



Ons tennisspanne is hard aan die gang met die liga en presteer baie goed. Baie geluk aan elke span se prestasies. Hier volg 'n paar uitslae:



- Dogters o.11B wen 32-11 vs Curro Hazeldean.
- Dogters 1ste span wen 44-11 vs Constantiapark.
- Dogters o.11A wen 25-19 vs DSG.
- Seuns o.11D wen 26-17 vs Rooihuiskraal.
- Seuns 1ste span wen 34-21 vs Elarduspark.
- Dogters 1ste span wen 30-25 vs Pretoria-Oos.
- Dogters o.11A wen 41-2 vs Voorpos.
- Dogters o.11B wen 31-12 vs Lynnwood.
- Seuns 3de span wen 38-15 vs Irene Primary.






# FIETSRY

Baie geluk aan al ons Wouwtjie-ryers wat die afgelope naweek by Laerskool Witpoort, aan die Munga-wedren deelgeneem het. Ons fietsryers het die seisoen suksesvol begin.

1. Ethan Wilson (1ste plek)
2. Mauritz Neuhoff
3. Dian van der Merwe
4. Adia Krige
5. Zack Krige
6. Joshua Slippers
7. Jeshan Coetzee



# Ruitersport





Ons Wouwtjie-ruiters het die laaste twee naweke aan verskeie Sanesa kwalifiserende kompetisies deelgeneem. Hulle het die ruiterseisoen suksesvol begin. Ons ruiters presteer soos volg in hulle verskillende klasse en vlakke:

**Shadei Bloem:**

- Dressage: 2x Eerste plekke, 1x Derde plek, 1x Vierde plek.
- Equitation: 2x Tweede plekke.
- Prix Caprilli: 3x Derde plekke.
- Working Hunter: 2x Eerste plekke.
- Show Jumping: 1x Vierde plek, 1x Sesde plek.
- In-hand utility: 1x Tweede plek.



**Lisa Visagie:**

- Show Jumping: 1 x Eerste plek, 1 x Tweede plek.

**Carlia Bolt:**

- Show Jumping: 1 x Eerste plek.

**Lia Eksteen:**

- Prix Caprilli: 1 x Eerste plek, 1 x Tweede plek.
- Performance riding: 1 x Eerste plek.
- Working Hunter: 1 x Tweede plek.
- Equitation: 1 x Vierde plek.
- Show Jumping: 1 x Vierde plek, 1 x Negende plek.



**Willem du Plooy:**
- Show Jumping: 1 x Eerste plek, 1 x Tweede plek.

**Milè du Plessis:**
- Performance Riding: 1 x Eerste plek.
- Equitation: 1 x Derde plek.
- Show Jumping: 1 x Eerste plek, 1 x Derde plek.

**Leo Bloem:**
- In-hand utility: 1 x Derde plek.
- Show Jumping: 1 x Eerste plek, 1 x Vierde plek.
- Equitation: 1 x Eerste plek.









HIGH AMP AUTO ELEK
HERSTEL REPAIR
ALTERNATORS EN STARTERS
SPESIALISEER SPECIALIZE
BMW EN MERCEDES
0825729341
Pta. Oos Pta. East




S.A.M
Seriously Addictive Mathematics
Bringing Singapore Mathematics To The World
Helping learners excel in math and enjoy the journey!
What is S.A.M?
Seriously Addictive Mathematics (S.A.M) is the world's largest Singapore Math enrichment program for children aged 4–12.
Why Choose S.A.M?
• Boosts confidence and school performance
• Builds problem-solving & critical thinking skills
• Fun, hands-on learning with personalised coaching
• Ideal for all ability levels — from struggling learners to high achievers
• Develops independent learning habits that last beyond the classroom
CONTACT: KIM NEL 064 659 7105 menlopark@seriouslyaddictive-math.co.za www.seriouslyaddictivemath.co.za

# WAT WOUW jy adverteer?

LAERSKOOL ANTON VAN WOUW




## Kolwyntjies en Koeke

**Mooiste Kolwyntjies/koeke op bestelling gebak.**

**Enige ontwerp!**

**Kontak Petro**
**082 442 8099**

@petroscupcakes



**Gluten Vrye Koeke en kolwyntjies beskikbaar.**






## SKENKINGS VIR KATKOS

Ons voer ongeveer sewe katte op 'n daaglikse basis by die skool. Enige skenkings word baie waardeer.

Katkos kan by die registerklasse ingehan-dig word, vir aandag: Juffrou Hester van Sittert (Naskool).

# KONTAKBESONDERHEDE



012 460 3024/6181

@wouwtjiewees

www.laerskoolantonvanwouw.co.za

Deystraat 356
Nieuw Muckleneuk Pretoria

Belangrike eposadresse:

**Hoof:**
Me. Odette Klopper
hoof@wouwtjies.co.za

**Finansies:**
Petro van Wyk
petro@wouwtjies.co.za
Amelia Robberts
ameliarobberts@wouwtjies.co
.za

**Bemarking:**
Marica Botha
bemarking@wouwtjies.co.za

**Klerebank en sluitkassies:**
Ronèl Benadie
ronel@wouwtjies.co.za

**Wouwtjie Naskool (Gr.1-7):**
072 205 7137
naskool@wouwtjies.co.za

**Pre-Primer Naskool:**
082 410 9070
ppnaskool@wouwtjies.co.za

**BL- navrae:**
Simoné Wallace
bl@wouwtjies.co.za

**Sekretaresse & Inskrywings:**
Simoné Wallace
simone@wouwtjies.co.za

**Kultuurorganiseerder:**
Roché van Blerk
kultuur@wouwtjies.co.za

**Sportbestuurder:**
Henry Allison
sport@wouwtjies.co.z
a

**Wouwtjienuus: Navrae & Advertensies:**
Marelize Swart
marelize@wouwtjies.co.za

**Verhuring van fasiliteite:**
Marelize Swart
marelize@wouwtjies.co.za

**Snoepie Jemima van Nieuwholtz:**
082 556 3886
snoepie@wouwtjies.co.za

## KANTOORURE:

Ontvangs: 07:00 tot 15:00
Finansies: 07:00 tot 09:00 en 12:00 tot 14:00